



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

So baie eekhorinkies! deur Anna Emm

Vandag is 'n lekker warm dag en Kobus besluit om te gaan piekniek hou in die bos.

“O, ek weet nie of vandag 'n goeie dag is vir piekniek nie...” sê sy pappa. “Ek het gehoor daar is vandag vreeslik baie eekhorinkies in die bos. Hulle hou kermis.”

Maar Kobus gee nie om vir vreeslik baie eekhorinkies nie. Wat kan hulle tog nou aan hom doen? Hy vat sy kombersie en pak 'n rugsak met koekies, koeldrank, vrugte en kaas. Toe hy by die deur uitstap, sê sy mamma: “Gaan jy tog nie vandag piekniek hou nie? Is dit dan nie vandag die dag van die eekhorinkies se kermis nie? Miskien moet jy eerder wag tot môre. Ek het gehoor daar is vreeslik baie eekhorinkies in die bos.”

“Dit maak nie saak nie,” sê Kobus. “Hulle is mos klein en ek is groot. Daar is mos plek vir hulle kermis én vir my piekniek in die bos!”

Kobus stap aan al met die paadjie langs tot in die bos. Alles is stil en rustig, en hy is baie bly dat hy besluit het om te kom piekniek hou. Maar o aarde! Kobus het net mooi sy kombersie op die gras uitgegooi en heerlijk gaan sit, toe hoor hy 'n vreemde geluid in die lug. Hy kyk op, en sien vreeslik baie eekhorinkies uit al die bome se takke naderkom! Dit klink soos 'n woeste wind wat waai so swaai hulle sterkjies deur die lug. Hulle het sy lekker pienkniekkos gesien.

Voor Kobus kan keer, hop-hop die eekhorinkies uit die bome uit van alle kante. Hulle hop-hop bo-oor sy pienkniekkombersie tot by die sak met die eetgoed, en sommer gou is daar net krummels oor!

“Sies, julle!” raas Kobus. “Dit was MY pienkniekkos vir MY pienkiek!” Hy voel sommer lus om te huil!

Skielik is die eekhorinkies stil. Hulle sê niks en hulle hop-hop nie meer nie. Hulle kyk vir mekaar, en nou voel hulle vreeslik skaam. Stadig kom hulle nader. Hulle klim en klouter teen Kobus se beentjies uit, sit op sy skouers, loer in sy sakke en krap sy hare deurmekaar. Hulle vat saggies, saggies met hulle sagte pootjies aan sy wangetjies en wikkel hulle neusies in sy nek.

“Ons is jammer,” fluister een van die eekhorinkies, “ons wou jou nie hartseer maak nie. Jy sien, dis ons groot kermis vandag hier in die bos, en ons het maar net gedink jy is deel van die kermis. Ons het gedink die lekker kos in jou sak is vir ONS.”

Nou dink en dink die eekhorinkies diep. Dan kry hulle mos 'n baie goeie idee! Kobus kan saam met hulle na die kermis kom! Daar is baie, baie kos by die kermis, en hy kan mos dáárvan eet.

Hoe lekker het Kobus nie by die eekhorinkies se kermis gekuier nie, en hoe lekker het hy nie aan hulle heerlike eetgoed gesmul nie! Dit was baie lekkerder as om piekniek te hou.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

So baie eekhorinkies! illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za